# LAERSKOOL KOLLEGEPARK

# BELANGRIKE INLIGTING VIR KWARTAAL 4 – 2024

*Nuusbrief 5: 03 Oktober 2024*

Geagte Ouers/Voogde

Die jaar beweeg nou na sy einde en hier volg nuus en belangrike inligting vir die laaste kwartaal.

**PRESTASIES BEHAAL OP SPORT-EN KULTUURGEBIED:**
Baie geluk aan Mianè de Clercq en Franna van der Westhuizen wat deelgeneem het aan die Suid-Afrikaanse Skole Atletiek se landloop. Mianè het ‘n 9de plek behaal en Franna het ‘n 15de plek verower. Ons is trots op julle! Laerskool Kollegepark se seuns Jukskeispan, wat bestaan uit, Nathan Engelbrecht, Fourie de Lange, Macky Mc Laggan, Heinrich du Plessis en Kamogelo Legoete het ‘n 1ste plek verower tydens die Noordvaal Toernooi. Hierdie is ‘n merkwaardige prestasie. Baie geluk!

**GR RR GEBOU:**
Ons nader die voltooiing van die gebou en nooi u uit om te kom inloer.

**INSKRYWINGS VIR 2025:**
Die aanlyninskrywings vir graad 1-leerders is reeds gesluit. Indien u die afsnydatum gemis het, of dalk weet van iemand wat nog moet inskryf vir 2025, kontak gerus die skoolkantoor.
Daar is nog 'n paar plekke beskikbaar vir Graad RR en R-maats vir 2025. As u nog nie geregistreer het nie, doen dit asseblief spoedig om teleurstelling te voorkom.

**OUERMIDDAG:**
Ouermiddag vind op 8 Oktober 2024 plaas. Dit is slegs vir ouers wat deur onderwysers genooi word. Indien die personeel voel dat dit nodig is om u te sien, sal u ‘n persoonlike uitnodiging ontvang.

**PRYSUITDELING:**
Die prysuitdeling vind plaas op 30 Oktober te River of Life plaas. Spesifieke reëlings in verband met die spoggeleentheid sal in ‘n latere skrywe, saam met u kind se uitnodiging, aan u deurgegee word.
In die verband herinner ons u graag dat ons erkenning gee aan sportsoorte wat nie by die skool aangebied word nie, mits die leerders WEL aan **NASIONALE KOMPETISIES** deelgeneem het. Slegs dan kan ‘n leerder erkenning kry tydens die Prysuitdeling, mits dit in geskrewe vorm by die kantoor ingehandig word voor 23 Oktober. Hierdie skrywe moet die prestasie behaal duidelik omskryf en ‘n bewys van die instansie waar u kind deelneem, moet ook ingehandig word.

**REVUE:**
Die Revue was ‘n groot sukses. Baie dankie vir u ondersteuning. Ons waardeer dit opreg!

**2025 PAKKETTE**
Ons herinner graag ons ouers dat daar nog enkele skryfbehoefte pakkette (Gr RR – Gr 7) in die kantoor beskikbaar is vir 2025.

Ons gee ‘n paar belangrike datums aan u deur:
**Sportaangeleenthede:**

- 03 Oktober: Krieket: o.9 Informele lige neem aanvang
- 08 Oktober: Krieket: o.9 Informele liga
- 09 Oktober: Tennis: o.13A Laerskool Kollegepark vs Emfulenipark
- 10 Oktober: Krieket: o.9 Informele liga
- 15 Oktober: Krieket: o.9 Informele liga

- 16 Oktober: Tennis: o.11A & o.13A Laerskool Kollegepark vs Word of Life
- 17 Oktober: Krieket: o.9 Informele liga
- 19 Oktober: Atletiek: Super 12
- 22 Oktober: Krieket: o.9 Informele liga
- 24 Oktober: Tennis: o.13A Laerskool Kollegepark vs Noordskool
- 26 Oktober: Swem: Super 12
- 30 Oktober: Tennis: Finaal
- 31 Oktober: Tennis: Finaal
- 02 November: Gholf: Super 12
- 05 Desember – 08 Desember: Krieket: o.11 & o.12 Gauteng Regional Festival

**Ander:**

- 04 Oktober: Koekverkoping Gr 5
- 09 – 11 Oktober: Gr 4-kamp
- 14 Oktober: Fotodag
- 15 Oktober: Gr R-uitstappie
- 17 Oktober: Dansfees
- 18 Oktober: Haarinspeksie
- 18 Oktober: “Funky dag”
- 25 Oktober: Gr R Gradeplegtigheidsfoto’s
- 28 Oktober: Voorlegging van begroting vir 2025 aan ouers
- 01 November: Koekverkoping Gr RR
- 08 November: Haarinspeksie
- 14 November: Gr R: Gradeplegtigheid
- 15 November: Gr R: Oupa- en Oumadag
- 19 November: Gr 7: Klokseremonie & Gr.1 Inligtingsaand (Voornemende ouers van 2025
- 20 November: Gr R & Gr RR 2025: Ontmoet jou juffrou
- 21 November: Gr 7 Afskeidsfunksie

**Toetsrooster:**

- 21 Oktober: Grondslagfase: Deurlopende assessering begin
- 28 Oktober: Afr Stelwerk
- 29 Oktober: Eng Stelwerk
- 05 November: Gr 7 Wiskunde Vraestel 1
- 06 November: SW (geografie) graad 4-7
- 07 November: Skeppende Kuns graad 7
- 08 November: Afrikaans graad 4–7
- 11 November: Engels graad 4–7
- 12 November: Wiskunde graad 4-7
- 13 November: Grondslagfase: Deurlopende assessering eindig
- 13 November: Tegnologie graad 7
- 14 November: SW (geskiedenis) graad4-7
- 15 November: PSW graad 4-7
- 18 November: EBW graad 7
- 19 November: NW graad 4-7

Kollegepark-groete
Mnr. C.F. Herbst